# Doliansie – Riglyne

1. Daar bestaan geen kerkordelike bepalings oor dolering nie. Daar is dus geen voorskrifte oor wie mag doleer en wie nie. Daar is ook geen bepalings oor hoe jy moet doleer nie.

2. Dolering beteken dat eintlik maar net ons treur oor die kerk wat afvallig geraak het van die Woord en dat ons die kerk terugroep na die Woord.

3. Implikasie van bogenoemde twee punte is dat enige persoon kan doleer, maar wanneer ons doleer moet ons dit so doen dat terwyl ons die kerk tot bekering roep, ons nie self so optree dat ons aan die Woord ongehoorsaam word nie. Ons gesindheid is dus belangrik en ons optrede moet gefokus wees op die probleem wat ons wil aanspreek. In hierdie geval is dit die Algemene Sinode en die kerkvergaderings wat die Algemene Sinode se besluite ondersteun. (Maw. jy moenie die kat skop omdat die hond jou gebyt het nie)

4. 'n Gemeentelid het wel die reg om sy bydraes te spesifiseer en dus te vra dat dit uitsluitlik vir spesifieke doeleindes aangewend moet word. Die probleem is egter dat dit baie moeilik kontroleerbaar is, want die sinodale aanslag word gewoonlik betaal uit die bruto van gemeentefondse. Hoe sal n kerkraad nou kan waarborg dat een lidmaat se bydraes nie daarby ingesluit is nie?

5. Die beste en mees effektiewe wyse van dolering is dat 'n lidmaat wat so voel - ook ander lidmate wat saamstem, oortuig om druk op die kerkraad uit te oefen om as kerkraad te doleer.

6. 'n Lidmaat of groep lidmate wat dolerend is, sou dalk die volgende kon doen:
   a. Gee die kerkraad amptelik kennis van die besluit om te doleer asook die rede waarom jy doleer. Versoek die kerkraad dringend om ook oor te gaan tot dolering.
   b. Versoek die kerkraad om 'n duidelike standpunt teen die Algemene Sinode se besluite in te neem en dit aan die gemeente en meerdere vergaderings bekend te maak.
   c. Gee die kerkraad 'n billike tyd - bv 3 maande - om hul te distansieer van die sinode se besluite.
   d. Gee kennis dat indien die kerkraad dit nie doen nie, dit aanvaar word dat die kerkraad ook daardie dwalinge ondersteun.
   e. Gee kennis dat indien dit blyk dat die kerkraad hierdie dwaling ondersteun daar na verdere metodes gesoek sal word om ons persoonlik ook van die kerkraad se standpunt te distansieer.
   f. Indien die kerkraad dus die dwaling ondersteun kan die lidmaat ook 'n leerstellige dispuut met sy kerkraad verklaar, en selfs kennis gee dat die suiwer Woordverkondiging van die gemeente nou in die gedrang is, en dat ons daarom verkies om eredienste in 'n ander geneente of kerkgenootskap by te woon totdat die kerkraad wat toesighoudend is oor die prediking, hierdie dwaling erken en verwerp.
   g. Besluit so stap vir stap wat die beste protes optrede in jul spesifieke omstandighede sal wees. Bid egter deurentyd om dit met die regte gesindheid te doen wat help om die kerk tot bekering te roep.